

Die noordelike oewer van die See van Galilea, waar Jesus dikwels opgetree het. Regs bo is die kerk van die Saligsprekinge waar Jesus se bergpreek herdenk word. Die grys gebou met die rooi dak op die strand, is Mensa Christi, ofte wel die Tafel van Christus. Daar word die geleentheid herdenk toe Jesus na sy opstanding vir sy dissipels vis gebraai het.

# Epifanie

## Waaroor gaan Epifanie?

Die woord "epifanie" beteken "Godsverskyning". Dit verwys na God se verskyning aan die mensdom in die persoon van Jesus van Nasaret, die Christus.

Soms word die term "Epifanie" net gebruik as 'n verwysing na 6 Januarie, die dag ná Kerstyd. Dit is ook die dag waarop Ortodokse kerke Jesus se geboorte vier. Soms word dit egter gebruik vir die hele seisoen tussen Kerstyd en Lydenstyd - van 6 Januarie tot die Dinsdag voor Aswoensdag. Dit is die benadering wat ons hier wil volg.

Jesus sê in Johannes 14 wie Hom sien, sien die Vader. God verskyn dus aan ons deur Jesus. As ons God wil sien en verstaan, moet ons mooi na Jesus kyk. Dis aan hierdie Godsverskyning dat ons die seisoen van Epifanie wil wei. Nadat ons sy geboorte gevier het, en voordat ons by sy lyding, sterwe en opstanding stilstaan, wil ons kyk na Jesus se lewe en bediening op aarde. Dit sluit in aspekte soos:

- Jesus se lewensritme van rus en werk, van tyd stil en alleen saam met God, en die bedrywigheid tussen die massas mense wat Hom gevolg het.
- Jesus se vertolking van die wet. In ’n tyd toe die godsdienstige toneel gedomineer is deur ’n wettiese benadering, gebaseer op die houding dat ’n mens jouself verlos deur die wet na te kom, bring Jesus die boodskap dat ons verlossing ’n vrye geskenk is met die gevolg dat ons lewens deur die lefde oorheers word. Liefde vir die naaste is ook die norm as Jesus oor die eindoordeel praat.
- Jesus se boodskap oor die koninkryk van God, hoe God se wil op aarde gevestig word.
- Jesus se wonderwerke - as teken van sy grootheid, maar ook as uiting van sy omgee vir mense. Jesus was die groot Heelmaker.
- Jesus se insluiting van almal wat normaalweg buite die kring van aanvaarbarheid sou val. Dit sluit in kinders, vroue, Samaritane en ander heidene, selfs die Romeinse offisier. Dit sluit ook al die onreines in met wie godsdienstiges kontak vermy het. Jesus doen dit dikwels deur saam met sulke mense te eet.
- Jesus bestry onreg - of dit nou die onreg is van honger ly wanneer Hy ’n skare mense voed, en of dit die onreg van die uitbuiting van armes is wanneer Hy die tafels in die tempel omkeer. Hy het Hom met die armes vereenselwig deur saam met hulle en soos een van hulle te lewe.
- Jesus leer sy volgelinge, dikwels deur gelykenisse, maar ook deur ander kort spreuke.
- Jesus roep mense om Hom te volg.
- Jesus stel die voorbeeld van selfopofferende diens, met ’n bereidheid om te ly waar nodig.

’n Gemeente of ’n individuele gelowige sou hierdie aspekte van Jesus se bediening tydens Epifanie op verskillende maniere kon benader. ’n Mens sou oorsigtelik aan soveel aspekte as moontlik kon aandag gee, of ’n mens sou kon besluit om tydens ’n spesifieke jaar se Epifanie in meer diepte na een van hierdie aspekte te kyk, soos die gelykenisse, of die wonderwerke.

Die gedagte is om tydens hierdie seisoen beter te verstaan hoe Jesus as mens geleef het, sodat ons kan weet hoe om te antwoord op sy oproep om Hom te volg.